

## 23 Oktober - STAM

### **Skrif- en Fokusgedeelte: Genesis 49:1-12; 1 Konings 11:35, 36**

**D**ie Here kies een stam om die koningskap te dra. Reeds hier waar Jakob profeties vir Juda seën, is die strekking dat die koningskap in die Messiaanse Koningskap vervul sal word.

Net een motivering kan vir hierdie besondere profesie gegee word: Jakob gee nie die besondere seën aan sy geliefkoosde kind Josef, soos ons sou verwag het nie, maar aan Juda, van wie ons betreklik min lees. Dit is die HERE se vrymagtige verkiesing. Uit Juda kom die koningshuis wat ewig is in Jesus Christus.

Die koningslyn verdien ook nie hierdie posisie nie: sommige was goddeloos; reeds met Salomo kom die oordeel dat die Here tien stamme gaan afskeur van sy koningskap. Maar aan die einde van die tyd wanneer die seëls van God se oordeel oopgemaak word, vind ons die simboliese 144 000 wat as God se eiendom gemerk is – “hulle was uit elke stam van die volk Israel” (Openb 7:4-8). Hulle is onder die mense uit loskoop as eerstelinge vir God en vir die Lam (Openb 14:4).

God maak sy bedoeling met sy verkiesing aan ons bekend: Uit die een stam kom die Lam, maar Hy koop syne los uit al die stamme. In die verbond beskik Hy in ons Ewige Koning die losprys vir dié wat waarlik kerk is. Al maak Jakob negatiewe uitsprake oor sommige van die ander stamvaders (bv. Simeon en Levi), is daar ook vir hulle getroues die losprys. Maar sy verkiesende genade strek veel wyer as net die eerste 12 stamme: nou verteenwoordig die 144 000 al syne uit alle nasies en stamme en volke en tale.

As ons vasgryp aan die Ewige Koning uit die stam Juda, is daar vir ons ook hierdie losprys ondanks ons eie en ons voorsate se tekortkominge – gekoop ter wille van sý besluit op Een – Jesus Christus.

By God word nie een emosioneel voorgetrek nie – jy kan jouself reeds sien in ’n skare wat God en die Lam loof en aanbid “nadat ons ’n kort rukkie moes ly”. Waardig is die Lam uit Juda.

*Sing: Psalm 105:1, 6 (1936-beryming); Psalm 105:1, 3 (2001-omdigting)*

*Ds J Malan (Burgersdorp)*